Melita Prati et al (2003:21-40; kyk George 2000:1027-1055) beredeneer die moontlike verband tussen emosionele intelligensie, effektiewe leierskap en spanwerk. Hulle (Prati et al 2003:21) wys op die veranderde omstandighede waarbinne organisasies in die huidige wêreld moet opereer en formuleer soos volg: “[T]he metamorphosis of the business organization from rational machine to dynamic and increasingly unpredictable organism has forced managers to transform the actual structure of traditional, hierarchical management into a flattened and flexible structure with interactive, interdependent, and creative process.” Hulle toon aan (Prati et al 2003:22) dat emosionele intelligensie kommunikasie, groepskohesie en innovering binne organisasies kan fasiliteer. Hulle kom tot die volgende bevindings (2003:27-34):

- Die emosioneel intelligente spanleier is in staat om kollektiewe motivering in spanlede na vore te bring.
- Die emosioneel intelligente spanleier gebruik charisma om spanlede tot prestasie aan te spoor.
- Die emosioneel intelligente spanleier en spanlid is bewus van hulle funksie binne die groep en vervul dit.
- Emosionele intelligensie sal die invloed wat spesifieke persoonlikheidskenmerke op die verhoudings tussen die spanleier en spanlede kan hê, temper.
- Die vlak van kohesie tussen groeplede is afhanklik van die lede se emosionele intelligensie.
- Die vlak van vertrouwe tussen groeplede is afhanklik van die lede se emosionele intelligensie.

- Vertroue tussen groeplede lei tot konstruktiewe verhoudings en goeie samewerking tussen groeplede, wat die groep se prestasie positief beïnvloed.
- 'n Emosioneel intelligente groep bied ruimte vir kreatiwiteit.
- Die vermoë van 'n groep om groepsbesluite te neem, is afhanklik van die emosionele intelligensie van die groep.
- Lede met 'n hoë mate van emosionele intelligensie sal 'n verskynsel soos “social loafing” negatief beïnvloed en vice versa.
- Groeplede se vlak van emosionele intelligensie korreleer positief met groepsprestasie.

Jason Hughes (2005:603-625) beredeneer die sosiologiese belang van emosionele intelligensie. Hy bespreek die werk van R Sennett (1998), D Goleman (1996, 1998) en G Ritzer (1999) opsommend. Hughes kom vanuit 'n sosiologiese raamwerk tot die bevinding dat emosionele intelligensie 'n positiewe bydrae tot die ontwikkeling van individue en organisasies lewer. Hy wys egter op die moontlike negatiewe ontwikkeling van emosionele intelligensie in 'n wêreld waar langtermyn verbintenisse en lojaliteit aan organisasies al meer aan die verdwyn is en dat ontwikkeling van mense se karakter daardeur ondermyn kan word. In 'n immer fluktuierende korporatiewe omgewing, kan die ontwikkeling van mense se emosionele intelligensie daartoe bydra dat werknemers se weerstand teen die werk wat hulle doen en teen bestuurders se leierskap toeneem.

Emosionele intelligensie kan volgens Hughes 'n nuwe vorm van manipulerings- en outoritêre gedrag tot gevolg hê. Hy is van mening dat emosionele intelligensie deur bestuurders gebruik kan word om produksie te verhoog en

nie om hulle werknemers as mense beter te behandel nie en dat dit ook as 'n meting van bestuursvaardigheid kan geld en nie as korporatiewe beleid nie. Tog is Hughes (2005:620) ook van mening dat die (volgens sy mening) morele vakuum wat in die huidige korporatiewe wêreld bestaan, op 'n positiewe wyse deur die ontwikkeling van mense se emosionele intelligensie gevul kan word.

Ter afsluiting van hierdie hoofstuk oor emosionele intelligensie, is dit belangrik om daarop te wys dat Robert Sternberg (2001:187-194) krities is daaroor. Hy toets die intellektuele waarde van emosionele intelligensie aan drie vereistes waaraan enige idee volgens hom moet voldoen om as intelligent deur die navorsingsgemeenskap aanvaar te word, naamlik die *analitiese*, *kreatiewe* en *bruikbare* waarde daarvan en stel dat: "The analytical value of an idea refers to whether the idea is 'correct' or is consistent with available evidence. The creative value of an idea refers to whether the idea is novel and appropriate in accomplishing what it is supposed to. The practical value of an idea refers to its usefulness" (Sternberg 2001:187).

HOOFSTUK 6

PASTORS – GEWONDE GENESERS WAT HELING BRING

6.1 Emosioneel-intelligente gewonde genesers

Die ondersoek in hierdie studie het aangetoon dat die metafoor “gewonde geneser” en die konsep “emosionele intelligensie” belangrike perspektiewe op pastors se persoonlike identiteit en hulle bediening open.

In afdelings 1.1 tot 1.3 is die problematiek met betrekking tot pastors se verwonding en verlamming beredeneer. In afdeling 1.1 is gestel dat pastors as gevolg van innerlike verwonding nie as heel mense leef nie en is die relevansie van die studie aangetoon. Pastors se verwonding is in afdeling 1.2 beskryf as *kognitiewe dissonansie*, wat as gevolg van die verskuiwing van ’n moderne na ’n postmoderne samelewing ontstaan. Die bespreking in afdelings 1.2.2 tot 1.2.4 het aangetoon dat hierdie samelewing soos ’n geslypte diamant vele fasette vertoon en in afdeling 1.3 is pastors se verwonding en verlamming as gevolg van die postmoderne omgewing verder beredeneer. Daar is aangetoon dat dit ’n samelewing is waarbinne die kerk en pastors se woord nie langer sonder meer as gesagvol aanvaar word nie; ’n samelewing waar mense onder andere deur die internet al hoe meer toegang tot inligting het wat vroeër vir hulle ontoeganklik was – inligting wat pastors se akademiese bekwaamheid uitdaag; ’n samelewing waar mense toenemend minder lojaal teenoor groot instansies soos die kerk is en oordeel dat hulle buite die kerk ewe goed as Christene kan funksioneer en in God kan glo; ’n samelewing wat toenemend die vermoë van pastors en geloofsgemeenskappe om ’n verskil te maak, bevraagteken en onder druk plaas; ’n samelewing wat roep om ’n ander styl van bediening as die rigiede outokratiese styl wat tot enkele jare gelede nog die aanvaarbare binne geloofsgemeenskappe was en binne sekere geloofsgemeenskappe nog steeds is.

Die doelstellings van die studie is in afdelings 1.4 tot 1.7 en 1.10 uiteengesit. In afdeling 1.4 is gestel dat *intrapersoonlike transformasie en ontwikkeling* pastors sal help om op 'n sinvolle wyse met bogenoemde veranderinge en die emosionele verwonding wat daaruit voortvloei, om te gaan. In hoofstuk 1.5 tot 1.7 is onderneem om aan te toon dat refleksie oor die konsepte “gewonde geneser” en “emosionele intelligensie” die proses van intrapersoonlike transformasie in pastors laat plaasvind en dat dit hulle in staat stel om heelwording te beleef en by ander te fasiliteer. Hierdie sake is in hoofstukke 2 tot 3 beredeneer en is psigologiese en teologiese teorieë aangebied op grond waarvan pastors hulle verwondheid sinvol kan interpreteer en verwerk.

In hoofstuk 2 is aangetoon dat die dieptepsigologie van Jung pastors tot insig bring oor die werklikheid van hulle verwonding en die effek wat dit onbewustelik op hulle menswees en bediening uitoefen. Die bespreking van Jung se beskouing oor die metafoer “gewonde geneser” het aangetoon dat pastors hulle eie verwonding nie negatief hoef te beoordeel nie, maar dit as toegang tot hulle eie innerlike wêreld asook dié van ander kan aanwend. Die relevansie van Jung se psigologie vir die pastoraat het na vore gekom in die besprekings oor die verskynsel dat onverwerkte emosionele belewenisse die vorm van outonome komplekse aanneem en dat dit bepaalde, dikwels destruktiewe, gedrag by pastors tot gevolg het. In hierdie verband was veral die refleksie oor die *skadu* en die *persona* van belang, asook Jung se beskouing dat slegs die gewonde geneser ander tot heling kan begelei. Hierdie hoofstuk het aangetoon dat kennisname en integrering van Jung se psigologie tot sinvolle transformasie in pastors se lewe kan lei.

Die bespreking van Nouwen se beskouing oor die metafoer “gewonde geneser” in hoofstuk 3 het aangetoon dat pastors hulle verwonding op paradoksale wyse as bron tot heling kan aanwend. Daar is aangetoon dat Nouwen se eerlikheid en openheid oor sy eie innerlike verwonding dit vir hom moontlik gemaak het om ander met deernis en medelye te behandel en dat

pastors daarom in Nouwen 'n sinvolle gespreksgenoot vind. Die verlamming en verwonding wat in afdeling 1.3 bespreek is, is deur die refleksie op Nouwen se beskouing van die gewonde geneser in hoofstuk 4 verdiep. In hierdie refleksie is die weg van persoonlike transformasie en ontwikkeling vanuit 'n prakties-teologiese vertrekpunt beredeneer. Daar is daarop gewys dat pastors God se teenwoordigheid te midde van hulle emosionele verwonding kan beleef. Daar is aangetoon dat Nouwen se bydrae veral daarin geleë is dat hy nie net as psigoloog nie, maar veral as teoloog, pastors se verwonding en transformasie ernstig neem.

In afdelings 1.5 tot 1.7 is 'n outoritêre kerklike tradisie en fundamentalistiese Skrifbeskouing as struikelblokke in pastors se lewens as deel van die probleemstelling aangedui. Die voorneme is uitgespreek dat 'n ander weg gevind behoort te word. Hierdie rigting behoort pastors in 'n postmoderne samelewing in staat stel om op grond van die beskouing van *Jesus as die menslike gesig van God* met ander in relasie te tree. Hierdie aangeleentheid is in hoofstuk 4 bespreek. Hier is aangetoon dat mense (ook pastors) se beskouings oor mag, gesag en God nie los staan van die kontekste waarbinne hulle leef nie. Daar is verder aangetoon dat 'n verandering in pastors se beskouings oor hierdie sake belangrik is in hulle proses van intrapersoonlike transformasie en dat dit hulle in staat stel om as emosioneel intelligente gewonde genesers te leef. Die effek van hierdie transformasie op pastors se verhoudings met ander, is as "sagte" outoriteit verwoord. Daar is aangetoon dat dit die ingesteldheid is wat Nouwen in staat gestel het om self "gesagvol" as gewonde geneser te kon leef en mense te kon bedien.

Die konsep "emosionele verwonding" het deurentyd in hoofstuk 1 as tema in die bespreking van pastors se psige gefunksioneer. Daar is aangetoon dat die ontwikkeling van pastors se emosionele intelligensie hulle in staat sal stel om op sinvolle wyse in relasie met hulleself, met ander en met God te tree. Die refleksie in hoofstuk 5 het aangetoon dat emosionele intelligensie 'n

betekenisvolle bydrae tot die intrapersoonlike transformasie van pastors lewer en dat dit die positiewe gevolg het dat pastors doelbewus oor hulle bedieningsfilosofie en bedieningstyl reflekteer. Sodanige refleksie bring pastors tot die insig dat dit belangriker is *wie* hulle vir mense is (“being”) as *wat* hulle vir mense doen (“doing”). Daar is ook aangetoon dat pastors se bewuswording van die mate waarin hulle emosionele belewenisse hulle teologiese refleksie beïnvloed, hulle in staat stel om met empatie en deernis teenoor mense op te tree.

Daar is op grond van navorsing in die psigologie en oor die funksionering van die brein aangetoon dat pastors se emosionele belewenisse ’n invloed het op die tipe uitsprake wat hulle maak, die wyse waarop hierdie uitsprake geformuleer word, asook die antwoorde wat geformuleer word. Hierdie perspektiewe is belangrik vir die huidige teologiese debat in Suid-Afrika waar teoloë wat kerklike belydenisse vanuit ’n postmoderne paradigma verwoord, tot “dwaalleraars” verklaar word. Op grond van die navorsing wat in hierdie hoofstuk aangebied is, kan aanvaar word dat emosies soos ang, vrees en frustrasie dikwels tot hierdie tipe marginalisering aanleiding gee.

Die studie het aangetoon dat pastors se emosionele verwonding ’n komplekse netwerk in terme van hulle teologiese refleksie en hulle menswees vorm. Pastors behoort bewus te bly van die effek van hulle emosionele ervarings op hulle totale lewe. Indien hulle bewustelik met hierdie saak omgaan, sal hulle toenemend in staat wees om met openheid ten opsigte van intrapersoonlike transformasie te leef. Hierdie bewustheid sal hulle ook in staat stel om met deernis teenoor ander te leef, omdat hulle tot insig kom dat hulleself, as verwonde mense, onder die genade van God leef. So ’n lewensingesteldheid open die moontlikheid dat pastors wat self negatiewe emosies ervaar, of iemand met sodanige emosionele belewenisse moet begelei, op kreatiewe wyse ’n hoopvolle verhaal kan begin konstrueer. Hiermee word nie bedoel dat

negatiewe emosies en denke goed is vir mense nie, maar die werklikheid daarvan kan nie ontken of ontvlug word nie.

Die studie het ook aangetoon dat pastors bewus moet wees van die effek wat eksterne druk op mense het. Die navorsing oor emosionele intelligensie bevestig die sensitiwiteit wat pastors aan die dag moet lê wanneer hulle byvoorbeeld berading met 'n MIV/VIGS pasiënt of 'n swanger tienermeisie doen. In plaas daarvan om van meet af te aanvaar dat die situasie waarin die persoon hom/haar, bevind deur sogenaamde “sondige begeertes” veroorsaak is, behoort pastors bewus te raak van al die faktore wat 'n rol in die persoon se lewe speel. Deur hulleself as gewonde genesers te beskou en deur die ontwikkeling van hulle emosionele intelligensie, kan pastors daartoe kom om iemand nie as “sondig en sleg” te veroordeel en summier onder “kerklike tug” te wil laat plaas nie. Met deernis en medelye kan eerder opgetree word, soos God wat barmhartig is teenoor mense (Luk 6:36).

In afdeling 1.10 is die relevansie van die teorie rakende outobiografiese Bybelkritiek vir die pastoraat bespreek. Daar is onderneem om aan die hand daarvan in hoofstuk 6 oor my lewensreis as navorser van hierdie ondersoek te reflekteer.

6.2 My lewensreis

In afdeling 1.10 is daarop gewys dat *outobiografiese pastoraat* pastors bewus maak van die ontmoeting tussen hulle persoonlike en professionele lewens. Hierdie studie vorm in 'n sekere sin deel van my “outobiografie”/ lewensreis. Deur die loop van die navorsingsproses was ek voortdurend bewus van die effek van die studiemateriaal en die insigte wat daaruit na vore gekom het, op my persoon. Hierdie bewussyn het voortgespruit uit die teorie rakende outobiografiese Bybelkritiek, naamlik dat onbetrokke, afsydige en afstandige interpretasie van tekste nie moontlik is nie.

In sy boek, *The return of the prodigal son: A story of homecoming*, wys Nouwen (1994:46) daarop dat die jonger seun in Rembrandt se skildery, *The return of the prodigal son*, se kop amper heeltemal sonder hare is. Vir hom het dit die volgende simboliek: “When a man’s hair is shaved off, whether in prison or in the army, in a hazing ritual or in a concentration camp, he is robbed of one of the marks of his individuality.” Hierdie ontmagtiging van mense is onlangs baie persoonlik deur myself ervaar met die inskrywing van my oudste seun by ’n tersiêre instelling in Gauteng. Al die eerstejaar studente in hulle koshuis se hare is tot op die skedel afgeskeer. Die doel daarvan was om hulle almal “eenders” te laat lyk en op dié wyse van hulle individualiteit te ontnem. Hierdie ontmagtiging het ek deur die loop van my eie lewe op verskeie maniere ervaar. Tydens die navorsingsproses het ek telkens ervaar watter effek my konteks op die interpretasie van tekste gehad het. Derhalwe het ek ook van verskillende emosionele prosesse in my psige bewus geraak. Emosies soos terneergedruktheid, eensaamheid, opgewondheid, hoop, frustrasie, woede en bevryding het deel van hierdie prosesse uitgemaak.

Die feit van my eie verwonding het al duideliker na vore gekom, tesame met die deurlopende vraag op watter wyse dit sinvol hanteer kan word. Op een of ander stadium in hulle lewens raak alle mense verwond. Die wyse waarop hulle daarmee omgaan en geleentheid gegun word en benut om stories van verwonding te vertel, bepaal die mate waarin hulle heling kan ervaar. Frank (1995:xiii) verwoord hierdie saak soos volg: “The wounded storyteller ... is trying to survive and help others survive in a world that does not immediately make sense. Sooner or later, everyone is a wounded storyteller. In postmodern times that identity is our promise and responsibility, our calamity and dignity.” Vir myself was die navorsingsproses ’n baie belangrike deel van my proses van heling. Deur met navorsers vanuit verskillende dissiplines se werke bekend te raak, is ’n sinvolle teoretiese raamwerk by my gevorm van waaruit ek as emosioneel intelligente gewonde geneser kan leef.

Deur die loop van verskillende fases in my lewe het ek die paradoks wat Frank hierbo beskryf, ervaar. 'n Historiese oorsig oor my lewe toon aan dat dit van voor geboorte tot op hede so was. Ek kon myself gedurende die grootste deel van my lewe nie met outoritêre magsbeskouinge en leierskapstyle identifiseer nie. Hierdie beskouings en styl is op verskillende vlakke deur sommige leidinggewende individue en sommige sinodale liggame in my kerk beoefen – en word in bepaalde gevalle nog steeds gedoen. Ek het by verskillende geleenthede die emosionele verwonding (en vernedering) van sodanige optredes ervaar.

Daar is egter ook die ander kant, naamlik individue en sinodale liggame wat vir my 'n menslike *ver-beelding* van God se liefde, deernis en genade geword het. Hierdie ervarings, asook ontwikkeling en transformasie in my teologiese denke (veral op grond van die invloed van professore Andries van Aarde en Yolanda Dreyer, asook my kennismaking met die werke van Henri Nouwen en Marcus Borg), die veranderinge wat oor die afgelope sewentien jaar in Suid-Afrika en in my vorige tuisdorp, Polokwane, plaasgevind het en my persoonlikheidstipe, het 'n intense ervaring van kognitiewe dissonansie by my laat ontstaan. My toenemende bewuswording van kerklidmate se verwonding, ook as gevolg van my eie verwondende optrede, het mettertyd tot ingrypende veranderinge in my lewe aanleiding gegee.

In 1996 het ek *The wounded healer* van Henri Nouwen gelees. Die impak van dié werk op my persoon en my bediening was diepgaande en permanent. 'n Paar jaar later het 'n lidmaat in my gemeente tydens 'n besoek aan sy dogtertjie in die hospitaal my aan die konsep “emosionele intelligensie” bekend gestel. Kort daarna het ek Daniel Goleman se boek, *Emotional intelligence: Why it can matter more than IQ*, gelees. Stelselmatig het indringende vrae oor die verband tussen verwonding en 'n intelligente prosessering van die emosionele uitwerking daarvan, in my gemoed na vore begin kom. Die effek hiervan op my pastorale betrokkenheid by mense en op my prediking was

beduidend. Meer as tevore het ek op God se liefde, deernis en genade soos wat dit in Jesus se lewe na vore gekom het, begin fokus. Die kerk as instituut het minder belangrik begin raak – alhoewel nie afwesig in my lewe nie. God en Jesus het egter al meer sentraal in my bediening begin staan. In hierdie proses het die relasie tussen God en mense vanweë ’n “antropologiese wending” in my denke nuwe betekenis begin kry.

Ek het tot die insig gekom dat ek my interpretasie van die Bybel nie as “die korrekte beskouing” kan voorhou nie, maar dat ek die Bybel vanuit van my eie konteks interpreteer. Die effek hiervan was dat ek hierdie saak met verloop van tyd openlik met mense begin deel het en my eie belewenisse in pastorale gesprekke, Bybelstudies en prediking verwoord het. Hierdie optrede het positiewe en negatiewe gevolge in my interaksie met mense gehad. Aan die een kant was daar mense wat as gevolg hiervan bevryding van vrees en angs vir God ervaar het en aan die ander kant was daar persone vir wie dit bedreigend was.

Te midde van hierdie veranderings het ek die eerste van talle depressiewe episodes begin ervaar. Die depressie is onder andere deur bogenoemde kognitiewe dissonansie gestimuleer, omdat ek nie op outoritêre wyse kon funksioneer nie, terwyl dit wat verskeie fasette van my bediening betref, van my verwag is. Daar is byvoorbeeld verwag om mense wat buite die huwelik saamleef, of mense wat nie gereeld eredienste bywoon nie “onder tug” te plaas en daar moes by sinodale vergaderings hieroor verslag gelewer word. My ervaring van my eie broosheid (“vulnerability”) en verwonding het toenemend veroorsaak dat ek nie op so ’n wyse kon optree nie. In plaas daarvan om mense wat “verkeerde dinge doen” as “sondaars” te beskou, het ek gepoog om na mense se lewensverhale te luister en hulle kontekste te probeer verstaan. Die foute wat ek in die proses gemaak het en die tye dat ek wel onder druk van die Kerkorde en gemeenteleiers “opsig en tug” toegepas het, het baie diep ervarings van skaamte en depressie tot gevolg gehad. Verdere leeswerk oor

die konsepte “eer en skaamte”, die bestudering van die werke van onder andere teoloë soos Andries van Aarde, Marcus Borg, John Dominic Crossan, Wentzel van Huyssteen en Geza Vermes, my kennismaking met die dieptepsigologie van Carl Jung, Jung en Nouwen se beskouing oor die “wounded healer”, asook my persoonlike worsteling met God en my menswees, het my Godsbeskouing, mensbeskouing, Christologie en Skrifbeskouing onherroeplik beïnvloed en verander.

Die metafoor “gewonde geneser” het sig al meer aan my opgedring as ’n sinvolle wyse van bestaan (“being”) en funksionering as pastor, in besonder omdat dit met die antifondasionele (“antifoundationalist”), antitotaliserende en demistifiserende aspekte van postmoderniteit resoneer. My eie emosionele verwonding, die disfunksionele wyses waarop ek dit dikwels hanteer en die invloed wat dit op my relasies met mense, met God en op my teologie het, het al hoe duideliker begin uitstaan. Mettertyd het die besef begin ontwikkel dat die metafoor “gewonde geneser” wat teen die einde van die vorige dekade reeds sterk in my menswees en bediening geïntegreer was, asook die ontwikkeling van my eie emosionele intelligensie, aan my die moontlikheid begin bied het om ’n proses van heling in my lewe te begin.

Hierdie proses is steeds aan die gang en vorm deel van my lewensreis, wat met die lees van Anton Boisen se lewensverhaal nuwe momentum gekry het. Skielik was daar naas Henri Nouwen se verhaal, nóg ’n outentieke lewensverhaal waarmee ek kon identifiseer en plaas my eie lewensreis binne die raamwerk van ’n groter geheel. Die volgende formulering van Dykstra (2005:2; my beklemtoning) verwoord ’n beleving wat ambivalente emosies met betrekking tot die worsteling om my persoonlike en professionele indentiteit te ontdek tot gevolg gehad het: “The contemporary field of pastoral theology, as well as now familiar approaches to pastoral care and counseling, are thus indelibly marked with, even tainted by, *insanity*. *Pastoral theology was born of madness* and, one could argue, has yet to fully recover. A fragile, sometimes

fragmented identity on the margins of church and society seems to be its particular portion and destiny.” Boisen se eerlikheid oor sy psigiese en emosionele ineenstorting en die positiewe invloed wat dit eventueel op sy teologie en bediening gehad het, het my aanvanklike intuïtiewe aanvoeling vir die positiewe relasie tussen die metafoor “gewonde geneser” en emosionele intelligensie bevestig. In hierdie proses het ek begin ervaar dat God nie afwesig is nie. Soos Jakob by Pniël (Gen 32:24-30), het ek ontdek: “... the self must continue to wrestle and continue to be wounded in order to rediscover the ground it now stands on as sacred. *To be is to wrestle with God*” (Frank 1995:182). Die gevolg van hierdie worsteling met myself en met God is dat ek van geykte, gestolde, afgeslote en outkoratiese beskouings oor pastors, pastoraat en kerklike bediening wegbeweeg het.

My persoonlike verwonding is nie om masochistiese redes aan die orde gestel nie, maar in die sin waarop Levinas verwonding as ’n opening (geleentheid) tot dieper en sinvoller bestaan as voor en te midde van lyding beskou. Levinas (1988:158) verwoord dit soos volg:

Is not the evil of suffering – extreme passivity, impotence, abandonment and solitude – also the unassumable and thus the possibility of a half opening, and, more precisely, the possibility that wherever a moan, a cry, a groan or a sigh happen there is the original call for aid, for curative help, for help from the other ego whose alterity, whose exteriority promises salvation? ... For pure suffering, which is intrinsically meaningless and condemned to itself without exit, a beyond takes shape in the inter-human.

Deur hulleself as emosioneel intelligente gewonde genesers te sien, beteken nie dat pastors se verwonding en lyding en dié van ander noodwendig betekenis kry nie, maar dit beteken ook nie dat hulle verwonding sonder betekenis is nie. Nouwen se werk oor die “wounded healer” en die integrering van bevindings oor emosionele intelligensie – en die waarde daarvan vir

pastors – is daarin geleë dat pastors hulle verwonding as deel van hulle lewensreis kan beskou en insien dat: “The journey is a process of learning that their own suffering touches and is touched by the suffering of others. The ‘inter-human’ opens when suffering becomes the call and response implicating self and other” (Frank 1995:178).

In my eie lewe en bediening het ek doelbewus vir die metafoor “gewonde geneser” gekies, soos my beskrywing hierbo aangedui het. Nouwen se woorde “Our wounds can become a source of healing for others” op die voorblad van *The wounded healer* was die aanvanklike stimulus wat daartoe gelei het. Die volgende woorde van Rachel Naomi Remen, (in Lerner 1994:124), wat met Nouwen se beskouings resoneer, gee op ’n besondere wyse uitdrukking aan my eie oortuigings: “My wound evokes your healer. Your wound evokes my healer. My wound enables me to find you with your wound where you have the illusion of having become lost.” Outobiografiese pastoraat bied aan pastors die moontlikheid om nie in abstrakte, afgeslote proposisies oor hulleself en ander te praat nie, maar om hulleself en ander as mense van vleis en bloed te ontdek en te waardeer en van eendimensionele na meer genuanseerde teologiesering en relasies te beweeg.

Nouwen (1994:6) beskryf sy reis na Rusland saam met vriende en sy bestudering van Rembrandt se skildery oor die “verlore seun”, as ’n tuiskoms na ’n besondere uitputtende fase in sy lewe. Borg (2003:xii) se werk, *The heart of Christianity: Rediscovering a life of faith*, vorm deel van sy “own Christian journey” en beskryf sy eie reis as ’n reis vanuit ’n tradisionele paradigma na ’n opkomende paradigma. Vir Borg (2003:207-226; kyk ook 1995:3-15) het hierdie reis hom by ’n bepaalde verstaan van die Christelike geloof gebring wat hy as ’n tuiste (“home”) beskryf. Net soos Nouwen het Borg dus ’n “homecoming” beleef waar hy tuis voel. My ervaring is egter anders as dié van Nouwen en Borg. ’n Lewensreis beteken vir my op op pad te wees en baie min, indien enigsins, die ervaring van ’n tuiskoms te hê. Om ’n

emosioneel intelligente gewonde geneser te wees, is 'n lewenslange reis met 'n oop einde. Op hierdie reis is daar telkens momente wat gevul is met nuwe emosionele ervarings wat om kreatiewe kognitiewe prosessering vra.

Verwonding sal altyd deel van my lewe bly, want mense kry seer en ervaar pyn op hulle lewensreis. Hierdie reis word 'n hoopgewende proses wanneer God as teenwoordig tydens momente van verlies en pyn ervaar word.

LITERATUURVERWYSINGS

- Adam, A K M 1995. *What is postmodern biblical criticism?* Minneapolis, MN: Fortress. (Guides to Biblical Scholarship.)
- Adolphs, R & Damasio, A 2001. The interaction of affect and cognition: A neuro-biological perspective, in Forgas, J P (ed), *Handbook of affect and social cognition*, 27-49. Mahwah, NJ: Erlbaum.
- Altieri, C 1990. *Canons and consequences: Reflections on the ethical force of imaginative ideals*. Evanston, IL: Northwestern University Press.
- Anderson, J C & Staley, J L 1995. Taking it personally: Introduction. *Semeia* 72, 7-18.
- Anderson, L 1994. The *imago Dei* theme in John Calvin and Bernard of Clairvaux, in Neuser, W H (ed), *Calvinus sacrae Scripturae professor*, 180-197. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Andrews, J & Kotzé, E 2000. New metaphors for old: Healing spiritual talk, in Kotzé, E (ed), *A chorus of voices: Weaving life's narratives in therapy and training*, 322-339. Pretoria: Ethics Alive.
- Appiah, K A 1991. Is the "post" in "postmodernism" the "post" in "postcolonial"? *Critical Inquiry* 17, 360-367.
- Armstrong, K 1999. *A history of God*. London: Vintage.
- Armstrong, K 2005. *A short history of myth*. Edinburgh: Canongate Books.
- Arsenio, W F 2003. Emotional intelligence and the intelligence of emotions: A developmental perspective on mixed EI models. *Human Development* 46, 97-103.
- Asquith, G H (Jnr) 1990. An experiential theology, in Aden, L & Ellens, J H, (eds), *Turning points in pastoral care: The legacy of Anton Boisen and Seward Hiltner*, 19-31. Grand Rapids: Baker Book House.
- Astor, J 2007. Fordham, feeling, and countertransference: Reflections on defenses of the self. *Journal of Analytical Psychology* 52(2), 185-205.
- Baarda, T J, Davidse, J, Firet, J, Den Heyer, C J, De Moor, J C, Van Peursen, C A, Veenhof, J, Vlaardingerbroek, J & Weijland, H B 1981. *God met ons: ... over de aard van het Schriftgezag ...* Utrecht: Tijn-Libertas.

- Bakan, D 1967. *On method: Toward a reconstruction of psychological investigation*. San Fransisco, CA: Jossey-Bass.
- Bakhuizen van den Brink, J N, De Bruin, C C & Dankbaar, W F 1967. *Handbook der kerkgeschiedenis: Reformatie en contra-reformatie*. Derde deel. Den Haag: Bert Bakker/Daamen N V.
- Barbour, I 1974. *Myths, models and paradigms*. New York: Harper & Row.
- Barbour, I 1990. *Religion in an age of science*. San Francisco, CA: HaperSanFrancisco.
- Bar-On, R 1997. *The emotional quotient inventory (EQ-i): A test of emotional intelligence*. Toronto, Canada: Multi-Health Systems, Inc.
- Bar-On, R & Parker, J D A (eds) 2000. *Handbook of emotional intelligence: Theory, development, assessment, and application at home, school, and in the workplace*. San Fransisco, CA: Jossey-Bass.
- Bar-On, R 2001. Emotional intelligence and self-actualization, in Ciarrochi, J, Forgas, J P, Mayer John D (eds), *Emotional intelligence in everyday life: A scientific enquiry*, 82-97. Lillington, NC: Edwards Brothers.
- Barr, J 1969. The authority of the Bible. *Ecumenical Review* 21(92), 135-166.
- Barr, J 1973. *The Bible in the modern world*. London: SCM Press.
- Barr, J 1980. *The scope and authority of the Bible*. London: SCM Press.
- Barr, J [1977] 1981. *Fundamentalism*. London: SCM Press.
- Barr, J 1984. *Beyond fundamentalism*. Philadelphia, PA: Westminster Press.
- Barrett, P 2000. *Science and theology since Copernicus: The search for understanding*. Pretoria: University of South Africa.
- Bartholomew, D J 1984. *God of chance*. London: SCM Press.
- Barth, K [1939] 1957. *Christ and Adam: Man and humanity in Romans 5*, tr by T A Smail. New York: Macmillan.
- Barth, K 1962. Schleiermacher's "celebration of Christmas," in *Theology and the Church*. London: SCM.
- Barthes, R [1973] 1989. *Mythologies*, tr by A Lavers. London: Paladin Books.

- Bartlett, D 2006. The Gospel according to Matthew, in Gregory, A F et al (eds), *The new proclamation commentary on the Gospels*, 9-62. Minneapolis, MN: Augsburg Fortress.
- Bate, S C 1995. *Inculturation and healing: Coping-healing in South African Christianity*. Pietermaritzburg: Cluster Publications.
- Bauer, W, Arndt, W F, Gingrich, F W & Danker, F [1957] 1979. *A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature*. Chicago, IL: University of Chicago Press.
- Beal, T K 2000. Intertextuality, in Adam A K M (ed), *Handbook of postmodern Biblical interpretation*, 128-130. St. Louis, Missouri: Chalice Press.
- Becker, R 2004. Der blinde Fleck der Anthropologie: Heideggers "Kehre" als unverfügbare Verfügbarkeit, in Figal, G (Hrsg), *Internationales Jahrbuch für Hermeneutik*, 233-263. Tübingen: Mohr Siebeck.
- Berkowitz, L & Squitier, K A [1977] 1986. *Thesaurus Linguae Graecae: Canon of Greek authors and works*. Second edition. New York: Oxford University Press.
- Bernhardt, R 1994. *Christianity without absolutes*. London: SCM.
- Beukes, C J & Van Aarde, A G 2000. C H Rautenbach, P S Dreyer en C K Oberholzer: Hulle nalatenskap en die pad vorentoe. *HTS* 56(1), 1-37.
- Bless, H 2000. *The interplay of affect and cognition: The mediating role of general knowledge structures*, in Forgas, J P (ed), *Feeling and thinking: The role of affect and social cognition*, 201-222. New York: Cambridge University Press.
- Bishop, P D 1997. *The Christian and people of other faiths*. Peterborough: Epworth. (Thinking Things Through 3.)
- Bissonette, V L, Rusbult, C E & Kilpatrick, S D 1997. Empathic accuracy and marital conflict resolution, in Ickes, W (ed), *Empathic accuracy*, 251-281. New York: Guilford.
- Boisen, A T 1936. *The exploration of the inner world*. New York: Harper and Brothers.
- Boisen, A T [1936] 2005. The living human document, in Dykstra, R C (ed), *Images of pastoral care: Classic readings*, 22-29. St. Louis, Missouri: Chalice Press.

- Bonhoeffer, D 1959. *Creation and fall: A theological interpretation of Genesis 1-3 (1937)*. London: SCM.
- Borchardt, C 1986. Die "swakheid van sommige" en die sending, in Kinghorn, J (red), *Die NG Kerk en apartheid*, 70-85. Johannesburg: MacMillan.
- Børresen, K E (ed) 1991a. *Image of God and gender models in Judaeo-Christian tradition*. Oslo: Solum Forlag.
- Børresen, K E 1991b. God's image, is woman excluded? Medieval interpretation of Genesis 1:27 and 1 Cor 11:7, in Børresen, K E (ed), *Image of God and gender models in Judaeo-Christian tradition*, 210-235. Oslo: Solum Forlag.
- Borg, M J [1987] 1991. *Jesus: A new vision. Spirit, culture, and the life of discipleship*. San Fransisco, CA: HarperCollins.
- Borg, M J [1994] 1995. *Meeting Jesus AGAIN for the first time: The historical Jesus and the heart of contemporary faith*. San Fransisco, CA: HarperCollins.
- Borg, M J [1984] 1998a. *Conflict, holiness, and politics in the teachings of Jesus*. Harrisburg, PA: Trinity Press International.
- Borg, M J [1997] 1998b. *The God we never knew: Beyond dogmatic religion to a more authentic contemporary faith*. New York: HarperCollins Publishers.
- Borg, M J 2003. *The heart of Christianity: Rediscovering a life of faith*. San Fransisco, CA: HarperSanFransisco.
- Bos, R 2001. Wat is de mens dat Gij hem gedenkt? Een bijdrage tot een homiletische antropologie. *Verbum et Ecclesia* 22(2), 231-251.
- Botha, J (red) 2001. *Ja vir Jesus, nee vir die kerk*. Pretoria: LAPA Uitgewers.
- Bouwsma, W J 1988. *John Calvin: A sixteenth century portrait*. New York: Oxford University Press.
- Bovensiepen, G 2002. Symbolic attitude and reverie: problems of symbolization in children and adolescence. *Journal of Analytical Psychology* 47, 241-257.
- Bradway, K [1982] 1985. Gender identity and gender roles: Their place in analytic practice, in Stein, M (ed), *Jungian analysis*, 275-293. Chicago and La Salle, Illinois: Open Court.

- Breytenbach, A P B 1997. Meesternarratiewe, kontranarratiewe en kanoniserings: 'n Perspektief op sommige profetiese geskrifte. *HTS* 53(4), 1157-1186.
- Brown, C A 1981. *Jung's hermeneutic of doctrine: Its theological significance*. Chico, CA: Scholars Press.
- Brown, P 1967. *Augustine of Hippo*. London: Faber & Faber.
- Brown, J P 1983. Techniques of imperial control: The background of the gospel event, in Gottwald, N (ed), *The Bible and liberation: Political and social hermeneutics*, 357-377. Maryknoll, NY: Orbis Books.
- Browning, D S (ed) 1983. *Practical theology*. San Fransisco, CA: Harper & Row.
- Browning, D S 1984. Series foreword, in Capps, D, *Pastoral care and hermeneutics*. Philadelphia, PA: Fortress Press.
- Browning, D S 1991. *A fundamental practical theology*. Minneapolis, MN: Fortress Press.
- Brueggemann, W 1978. *The prophetic imagination*. Minneapolis, MN: Fortress Press.
- Brueggemann, W 1993. *Texts under negotiation: The Bible and postmodern imagination*. Minneapolis, MN: Fortress Press.
- Brueggemann, W 1995. *The Psalms and the life of faith*, Miller P D (ed). Minneapolis, MN: Fortress Press.
- Brueggemann, W 2006. *The Bible makes sense*. Revised edition. Cincinnati, OH: St. Anthony Messenger Press.
- Brunner, E 1952. *The Christian doctrine of creation and redemption*. Philadelphia, PA: Westminster.
- Brunner, E 1957. *The divine imperative*. Philadelphia, PA: Westminster.
- Bryant, C 1983. *Jung and the Christian way*. London: Darton, Longman and Todd.
- Buber, M [1952] 1988. *Eclipse of God: Studies in the relation between religion and philosophy*. Atlantic Highlands, NJ: Humanities Press.

- Buber, M 1958. *I and thou*, tr by R G Smith. New York: Scribners/Collier.
- Buchanan, D & Hendriks, J (eds) 1995. *Meeting the future: Christian leadership in South Africa*. Randburg: Knowledge Resources.
- Buck, R 1984. *The communication of emotion*. New York: Guilford.
- Burghardt, W J 1957. *The image of God in man according to Cyril of Alexandria*. Washington, DC: The Catholic University of America Press. (The Catholic University of America Studies in Christian Antiquity 14, edited by Johannes Quasten.)
- Burton, L A 1988. *Pastoral paradigms: Christian ministry in a pluralistic culture*. Washington DC: Alban Institute.
- Cabot, R C 1906. *Case teaching in medicine: A series of graduated exercises in the differential diagnosis, prognosis and treatment of actual cases of disease*. Boston: D C Heath and Co.
- Cabot, R C & Dicks, R L 1936. *The art of ministering to the sick*. New York: Macmillan.
- Campbell, J 1972. *Myths to live by*. New York: Bantam
- Campbell, A V [1981] 1986. *Rediscovering pastoral care*. London: Darton, Longman & Todd.
- Cantazaro, S J & Mearns, J 1990. Measuring general expectancies for negative mood regulation: Initial scale development and implications. *Journal of Personality Assessment* 54, 546-563.
- Capps, D 1980. *Pastoral counseling and preaching: A quest for an integrated ministry*. Philadelphia, PA: The Westminster Press.
- Capps, D 1981. *Biblical approaches to pastoral counseling*. Philadelphia, PA: The Westminster Press.
- Capps, D 1984. *Pastoral care and hermeneutics*. Philadelphia, PA: Fortress Press.
- Capps, D 1990. *Reframing: A new method in pastoral care*. Minneapolis, MN: Fortress Press.
- Capps, D 2005. The agent of hope, in Dykstra R C (ed), *Images of pastoral care: Classic readings*, 188-199. St. Louis, Missouri: Chalice Press.

- Capps, D & Fowler, G 2001. *The pastoral care case: Learning about care in congregations*. St. Louis, Missouri: Chalice Press.
- Carter, W 2000. *Matthew and the margins: A socio-political and religious reading*. Sheffield: Sheffield Academic Press. (Journal for the study of the New Testament Supplement Series 204.)
- Carter, W 2001. *Matthew and empire: Initial explorations*. Harrisburg, PA: Trinity Press International.
- Caruso, D R & Wolfe, C J 2001. Emotional intelligence in the workplace, in Ciarrochi, J, Forgas, J P, Mayer, J D (eds), *Emotional intelligence in everyday life: A scientific enquiry*, 150-167. Lillington, NC: Edwards Brothers.
- Chapin, F S 1942. Preliminary standardization of a social impact scale. *American Sociological Review* 7, 214-225.
- Chapin, F S 1967. *The social insight test*. Palo Alto, CA: Consulting Psychologists Press.
- Chapman, S B 2000. *The law and the prophets: A study in Old Testament canon formation*. Tübingen: Mohr Siebeck (Forschung zum Alten Testament.)
- Cherniss, C & Goleman, D 2001. *The emotionally intelligent workplace: How to select for, measure, and improve emotional intelligence in individuals, groups, and organizations*. San Fransisco, CA: Jossey-Bass.
- Ciarrochi, J, Forgas, J P & Mayer, J D (eds) 2001. *Emotional intelligence in everyday life: A scientific inquiry*. Lillington, NC: Edwards Brothers.
- Ciarrochi, J, Chan, A, Caputi P & Roberts, R 2001. Measuring emotional intelligence, in Ciarrochi, J, Forgas, J P & Mayer, J D (eds), *Emotional intelligence in everyday life: A scientific enquiry*, 25-45. Lillington, NC: Edwards Brothers.
- Clark, E & Richardson, H 1977. Schleiermacher and Baader: Individuality and androgyny, in *Women and religion: A feminist sourcebook of Christian thought*, 173-190. New York: Harper & Row.
- Clarke, A D 2000. *Serve the community of the church: Christian leaders and ministers*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Clines, D J A 1995. *Interested parties: The ideology of writers and readers of the Hebrew Bible*. Sheffield: Sheffield Academic. (JSOTSup, 205.)

- Coll, R A 1994. *Christianity and feminism in conversation*. Mystic, CT: Twenty-Third Publications.
- Collins, J & Selina, H [1999] 2001. *Introducing Heidegger*. Cambridge: Icon Books.
- Collins, J J 2005. *The Bible after Babel: Historical criticism in a postmodern age*. Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans Publishing Company.
- Colvin, C R 1993. Judgable people: Personality, behavior and competing explanations. *Journal of Personality and Social Psychology* 64, 861-873.
- Constantine, M G & Gainor, K A 2001. Emotional intelligence and empathy: Their relation to multi-cultural counseling knowledge and awareness. *Professional School Counseling* 5(2).
